17. Evangelisering

17.1 RAPPORT DEPUTATE INSAKE SENDING (Artt.15, 178, 200, 207)

A. Ds. J.J. Venter stel die Rapport.
B. RAPPORT:
1. Opdrag Acta 1994:266-268
Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname
2.1 *Die volgende persone is tans op die Beheerrade van Bybelskole en Trusts (Opdragte 4.1.5 en 4.1.6):*
2.1.1 Mukhanyo Bybelskool (Mpumalanga): Di. H.J.M. du Plessis (primus) en J.H. Venter (sekundus). Ds. Du Plessis is in die plek van ds. D.C. Coetsee en ds. Venter is in die plek van ds. H. Dijkstra benoem.
2.1.2 Sekolo sa Mojadi (Batho-Batho-stad, Noordwes): dr. S.J. van der Merwe (primus) en dr. P.P. Kruger (sekundus).
2.1.3 Dr. P.J. Buys is as Trustee aangewys vir die D'Kar Trust.
Verslae van Mukhanyo Bybelskool is gereeld ontvang en persoonlike kontak is met die ander onderhou.
Ons hartlike dank word uitgespreek aan persone wat 'n tyd lank as Raadslede en Trustee gedien het en wat tans daarop dien.
Ons dank u vir u onmisbare insette en toewyding.
2.2 Advies met betrekking tot samewerking by Sending is op versoek aan Deputate van die Nasionale Sinode Soutpansberg deurgegee (Opdragte 4.1.1 en 4.1.3).
2.2.2 As agtergrond tot die advies word kortliks die volgende vermeld:
In opdrag van Sinode Soutpansberg het Deputate ons genader om samewerking by sending in die gebied waar hulle werksaam is, te bespreek.
Die ontmoeting is gereël vir 31 Januarie 1995 sodat daar ook op die latere Sendingkonferensie in Junie-maand insette in die verband gelewer kon word.
Soutpansberg het 'n konsep standpunt oor sending voorgelê wat ter insae is by die Sendingdeputate.
2.2.2 Die volgende moontlikhede van samewerking is genoem:
2.2.2.1 Sinode Soutpansberg en Klassis Soutpansberg kan ingevolge KO, art.48 saamkom en die samewerking in sending bespreek.
2.2.2.2 Meewerkende kerke kan oor die hele Suid-Afrika gevra word.
2.2.2.3 Sendingdeputate kan 'n eerste vergadering reël van die betrokke kerke, o.a. met Klassis Soutpansberg, maar ook enige

ander kerk/e en persone wat belangstel om betrokke te raak. Hulle kan ook genooi word deur die Kerkraad/rade en dit kan in die kerkblaaie en oor die kerknuus ens. bekendgemaak word.
2.2.2.4 Die Deputate van Soutpansberg kan 'n analise maak van areas en nood en dit op die betrokke vergadering voorlê.
2.2.2.5 Klem behoort gelê te word op toerusting van plaaslike lidmate om die sendingwerk te doen.
2.2.3 Na die gesprek het die Sendingdeputate die volgende advies aan Soutpansberg deurgegee:
2.2.3.1 'n Brief kan aan Klassis Soutpansberg geskryf word om 'n vergadering te belê waarop gevra kan word om gesamentlike sending te doen.
2.2.3.2 'n Nuwe benadering in sending kan gevolg word, nl. om lidmate toe te rus vir sendingwerk spesifiek aan die hand van bepaalde projekte.
2.2.3.3 Insette vir samewerking kan op die beplande Sendingkonferensie gelewer word.
2.2.3.4 Sending in Suider-Afrika kan ook met Klassis Soutpansberg bespreek word.
2.3 *'n Sendingkonferensie is gehou op 3 Junie 1995 by die Geref. Kerk Linden (Opdrag 4.1.1).*
2.3.1 Die tema: "Hoe om my sendingroeping prakties uit te voer in die nuwe Suid-Afrika".
Sub-temas: 1. Sending - Waarom, wat en hoe?
2. Uitdagings - Geleenthede in die nuwe Suid-Afrika.
Die inleiers: Dr. P.J. Buys (Mukhanyo Bybelskool) en ds. M.S. Nefefe (Geref. Kerk De Hoop, Venda).
2.3.2 Die konferensie is bygewoon deur 111 persone van oor die hele land nl. uit Sinodes Potchefstroom, Soutpansberg en Middellande.
Die konferensie is gehou in Afrikaans, Engels, Tswana en Venda.
Daar was heelwat groepbespreking en sinvolle terugrapportering.
2.3.3 Die belangrikste behoefte wat deur die konferensiegangers uitgespreek is, is die volgende:
2.3.3.1 Die uitgee van 'n "Sendingblad" as 'n kommunikasie netwerk.
2.3.3.2 Beter samewerking tussen Gereformeerdes.
2.3.3.3 Meer sendingkonferensies.
2.3.3.4 Kerke behoort 'n multi-kulturele karakter te hê (bv. ten opsigte van ingesteldheid, liturgie, bedieningspatrone ens.).
2.3.3.5 Sending-seminare met die oog op toerusting.
2.3.3.6 'n Duidelike versoek aan die Sendingdeputate om bogenoemde behoeftes aan die Sinode te stel.
2.4 *Publisering van die "Gesamentlike Sendinggeskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika" (Opdrag 3.1).*

2.4.1 Prof. B. Spoelstra het ingewillig om die publikasie onder sy naam te voltooi.
2.4.2 Die CJBF is genader om die publikasie uit te gee.
2.4.3 Op versoek van prof. Spoelstra is 'n voorwoord namens die Sinode vir die publikasie geskryf.
2.5 *Bywoning van 'n Internasionale Sendingkonferensie*
Op uitnodiging het die Deputate vir dr. P.J. Buys en prof. J.A. van Rooy versoek om die streekskonferensie van die "International Conference of Reformed Churches" in Desember 1995 te Kaapstad by te woon.
Die tema was: *Hulp aan inheemse kerke in Afrika om selfstandig te word.*
Daar was sendelinge, dominees, kerkraadslede en ontwikkelingshelpers van onder andere die GKSA, die Free Church of Scotland, die Nederlands Gereformeerde Kerken, Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt), die Orthodox Presbyterian Church, die Gereformeerde Kerke in Zaïre, Benin, Kenia, Uganda, Richmond Natal, Mamelodi en Shoshanguve (Pretoria), Bellville, Zwolle (Nederland) en Greenville (Georgia VSA).
Rapporte oor sendingwerk en predikantsopleiding op verskillende plekke in Afrika, is gegee. Bespreking van probleme en voordragte het plaasgevind.
Vir die afgevaardigdes was dit stimulerend en verrykend. Hulle het waardevolle kontakte gemaak vir hulp en advies.
Ons hartlike dank word uitgespreek teenoor dr. Buys en prof. Van Rooy wat die konferensie bygewoon het.
2.6 Ons hartlike dank word uitgespreek teenoor broeder Jan Boot vir sy hulp en bystand by uitgee van die brosjure "Wat, waarheen en hoe? - Prinsipiële riglyne vir sendingwerk".
2.7 Die "Christen Gemeenten" wat sendingwerk doen in die Noordwes Provinsie (Sannieshof, Delareyville, Mafikeng en Vryburg), wou met die Deputate in gesprek tree oor hulle voornemens om uit die gebied te onttrek en 'n versoek dat die Deputate die betrokke sendingwerk oorneem. Advies is gegee om met die plaaslike gemeentes te skakel.
Die ontmoeting het nooit plaasgevind nie en die Deputate is nie ingelig oor die verdere verloop van die saak nie.
2.8 Die vertaal-afdeling van die Bybelgenootskap het die Deputate genader met 'n versoek dat 'n vertaler as medewerker aangewys word vir die hersiene vertaling van die Bybel in Noord-Sotho.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 2.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Weë en middele word oorweeg sodat 'n Sendingblad uitgegee kan word om:
(i) te dien as 'n kommunikasienetwerk tussen gemeentes wat sendingwerk doen;
(ii) om ander gemeentes oor sendingwerk in te lig;
(iii) om sendingwerk en samewerking in sending in die algemeen te bevorder (vgl. 2.3.3.1).

Besluit: Verwys na Kommissie Publikasies.

C. Ds. T.J. Potgieter rapporteer namens die Kommissie.

Besluit:

1. Die Sinode keur dit af om ‘n Sendingblad uit te gee.
2. Dat op ‘n gereelde basis vir artikels in *Die Kerkblad* ruimte geskep word waarin gemeentes oor sendingwerk ingelig word sodat kommunikasie tussen gemeentes oor die saak versterk kan word (vgl. pt.3.1 (i) tot (iii) hierbo).
3. Punt 2 van hierdie besluit word aan die te benoeme Deputate vir Kerklike Tydskrifte opgedra.

3.2 Kerke word, wat betref samewerking tussen Gereformeerde Kerke, weer gewys op die brosjure *Wat, waarheen en hoe? - Prinsipiële riglyne vir sendingwerk* (1993), en in besonder die riglyne wat onderskei tussen "sending", "evangelisasie" en "gemeente-opbou" (2.2); "Sending in eie kultuurgroep en oor kulturele- en nasionale grense heen" (2.6); "Sending is die taak van die plaaslike kerk" (2.8); "Sustentasie en samewerking".
Hierin behoort veral daarop gelet te word dat sending nie verstaan of verwar moet word met amptelike Woordbediening onder Swartmense en samewerking met 'n Geref. Kerk onder Swartmense nie.
Tweedens behoort gelet te word op 2.8.3 van bogenoemde dokument: "Die Gereformeerde kerkregtelike beginsels ten opsigte van samewerking van naburige kerke en gemeenskaplike sake moet konsekwent gehandhaaf word. Etnisiteit verander nie kerkregtelike beginsels nie. Aan die ander kant hef die selfstandigheid van die plaaslike kerk nie liefdevolle samewerking en hulpverlening op nie" (vgl. 2.3.3.2).

Besluit: Kennis geneem.

3.3. Ten minste jaarliks word een Sendingkonferensie gereël waar daar landswyd oor 'n aktuele tema gepraat word asook 'n jaarlikse Sendingseminaar waar lidmate landswyd vir sendingwerk toegerus word (vgl. 2.3.3.3 en 2.3.3.5).

Besluit: Verval.

3.4 Kerke gee met erns aandag aan knelpunte en hindernisse waar nuwe bekeerlinge as gevolg van hulle sendingwerk by hulle opgeneem moet word, bv. besondere bedieningsbehoeftes as gevolg van afstand, taal, kultuur, ens. Hier moet veral gelet word op paragraaf 2.6 van genoemde brosjure: "Sending en eie kultuurgroep en oor nasionale grense heen" (vgl. 2.3.3.4).

Besluit: Verwys na Kommissie Samelewingsake.

D. Ds. F.J. van Deventer rapporteer namens die Kommissie.

Besluit: Die Sinode verwys hierdie punt na die te benoeme Deputate vir Bewaring en Vermeerdering van die Kerk om hierdie saak as deel van hulle opdrag te behandel.

3.5 Ons spreek hartlike dank uit teenoor almal wat by die navorsing, versameling van materiaal, skryf, tikwerk, proeflees, tegniese versorging en finansiering van die publikasie van die *Gesamentlike Sendinggeskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* betrokke was.
Ons besondere dank aan mev. Wymie du Plessis (Tikwerk/Proeflees/Tegniese afronding); ds. H.A. Louw (Navorsing); prof. B. Spoelstra (Navorsing en skryf); asook die CJBF (Tegniese afronding en publikasie) (vgl. 2.4).

Besluit: Kennis geneem.

3.6 Die Sinode spreek hom uit oor die aanwys van 'n medevertaler van die Bybel in Noord-Sotho en by watter Deputate die saak hoort (vgl. 2.8).

Besluit: Verwys na Kommissie insake Bybelvertaling.

E. Ds. H.L.J. Momberg rapporteer namens die Kommissie.

Besluit: Dat die Deputate vir Bybelvertaling met die oog op die hersiene vertaling van die Bybel in Noord-Sotho ‘n vertaler aanwys soos versoek deur die Bybelgenootskap.

4. Opdragte

4.1 *Daar word weer Deputate benoem met die volgende opdragte:*
4.1.1 Gee aan die Sinode advies oor sending.
4.1.2 Gee aan kerke, op versoek, advies oor sending (insluitende onderwys, mediese dienste, finansiële reëlings, samewerking met ander kerke).
4.1.3 Adviseer die Sinode oor ordelike en gekoördineerde sendingwerk.
4.1.4 Gee advies, wanneer nodig, oor alle sendingeiendomme van die GKSA aan die Administratiewe Buro wat die eiendomme beheer en bestuur.
4.1.5 Benoem op versoek 'n verteenwoordiger/s in die Beheerraad van 'n Bybelskool.

4.1.6 Benoem, wanneer nodig, 'n Trustee vir die D'Kar-Trust.
Besluit: Daar word nie weer Sendingdeputate benoem nie.

5. Begroting

Reiskoste (ses vergaderings)	9 000
Drie Konferensies	2 000
Drie Seminare	2 000
TOTAAL	R13 000

Besluit: Geen besluit is oor hierdie punt genotuleer nie. Die Deputate Handelinge aanvaar dat hierdie punt verval het in die lig van die besluit by punt 4 hierbo.

17.2 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE - EVANGELISERING - 'N HOëR PRIORITEIT (Artt.15, 207)

A. Ds. J.L. du Plooy lig die Beskrywingspunt toe.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Samelewingsake.
C. Ds. F.J. van Deventer rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT
"Die Gereformeerde Kerk moet Evangelisering 'n baie hoë prioriteit gee"

1. Dit beteken die volgende
Plaaslike kerke
Plaaslike kerke moet meer doelgerig by evangelisering betrokke wees - plaaslik en wêreldwyd. Evangelisering as sulks is uiteraard primêr die taak van die plaaslike kerke.
Meerdere vergaderings
Meerdere vergaderings moet 'n meer uitgebreide verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van evangelisering in vergelyking met wat tans die geval is. Hierdie meer uitgebreide verantwoordelikheid kan soos volg geïmplementeer word:
1.1 By die **Klassis** kan visitatore (KO, art.44) 'n pertinente opdrag ontvang om intensief met kerke oor evangelisering te praat en die kerke moet in die onderlinge rondvraag (KO, art.41) mekaar ook opskerp oor evangelisering.
1.1.1 By die **Nasionale** of **Algemene Sinode** beteken dit dat die Sinode deur Deputate:
1.1.1.1 'n visie vir die GKSA op wêreldevangelisering ontwikkel;
1.1.1.2 'n metode ontwikkel op plaaslike vlak vir die opleiding van teologiese studente, predikante en ander persone in die GKSA vir Evangelisering;

1.1.1.3 meer aktief aan die kerke inligting gee omtrent die behoeftes aan evangelisering in SA en wêreldwyd;
1.1.1.4 'n koördinerende funksie vervul waar sendingaksies moontlik kan oorvleuel of as tussenganger kan optree waar kerke soortgelyke aksies aanpak;
1.1.1.5 'n databasis kan opbou en instandhou oor evangeliseringsaksies in SA en wêreldwyd;
1.1.1.6 aktiewe samewerking kan soek met ander kerkgroepe en organisasies vir sending en evangelisasie;
1.1.1.7 oproepe tot gebed vir sendingaksies aan die kerkverband te maak.

2. Motivering

2.1 *'n Paar feite wat in die literatuur na vore kom*

2.1.1 Baie Christene gee nie ruim vir Evangelisering nie;
2.1.2 Christene gee jaarliks $157 biljoen aan kerke en sendinggenootskappe - 94% hiervan word aangewend in die Christenwêreld, 5,5% in die geëvangeliserende nie-Christenwêreld en slegs 0,5% in die ongeëvangeliserende wêreld.
2.1.3 Christene borg 308 000 sendelinge wat buite die VSA werk:
- 90% in die Christelike wêreld
- 8,1% in die geëvangeliseerde nie-Christelike wêreld
- 1% in die ongeëvangeliseerde wêreld.

2.1.4 $3 biljoen word bestee aan borgskappe vir TV en radioprogramme
- 99,9% aangewend in die Christelike wêreld
- 0,09% aangewend in die geëvangeliseerde nie-Christelike wêreld
- 0,01% in die ongeëvangeliseerde wêreld.

2.2 *Ons sendingopdrag is duidelik uitgestippel in Matt 28:26*

"Gaan dan na **al** die nasies toe en maak die mense my dissipels en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat ek hulle beveel";
en ook Matt 24:14
"En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom".
Moet ons as Gereformeerdes nie baie harder werk en meer tyd en geld spandeer aan die verspreiding van die Evangelie oor die hele wêreld nie? Ons moet harder werk om uitvoering te gee aan die opdrag van Jesus in Matt 28:16, sodat al die nasies die getuienis kan hoor voor die wederkoms.
Bostaande saak kom al hoe nader aan die hart as 'n mens besef dat byna 2 000 miljoen mense op aarde nog nooit gehoor het van die Woord van God nie, of van 'n Verlosser wat ook vir hulle sondes gesterf het nie. Ons as Calvinistiese Christene mag nie so 'n nood miskyk en ons nie daardeur laat aanraak nie.

Is ons as GKSA nie op hierdie stadium arm aan 'n visie op wêreldevangelisering nie?

2.3 Is dit nie tyd dat ons as GKSA baie harder begin werk om aanhangers van ander godsdienste soos die Islam, Hindoe, Boeddhiste en ander, meer positief te begin bearbei, veral waar sommige van hierdie godsdienste in SA en wêreldwyd baie vinnig veld wen?

Besluit: Die Sinode gee gevolg aan die Beskrywingspunt.